

Saterdag 19 Augustus

Skrifgedeelte: Openbaring 7:1-8

Fokusgedeelte: Openbaring 7:3

God verseël sy eiendom vir die reis na die ewigheid

Openbaring 6 word afgesluit met die waarskuwing dat niemand kan bestaan wanneer die dag van oordeel aanbreek nie. Hierdie oordeel word in hoofstuk 7:1, 2 beskryf as vier winde wat dreig om vernietigend oor die aarde te waai. Dit is Satan se poging om die kerk van die Here te vernietig. Hierdie pogings is reeds aan die gang van die begin van die kerk af, maar neem tog toe namate die einde van die tyd naderkom.

Die troos vir Christene uit hierdie Skrifgedeelte is dat God sy kinders nie weerloos aan Satan oorlaat nie, maar Hy stuur 'n Engel om sy dienaars te verseël en te merk. Hulle sal immuun wees teen Satan. Hierdie werk word nie halsoorkop gedoen terwyl gelowiges paniekerig rondhardloop te midde van die geestelike vernietiging nie, maar God bewaar sy kinders volgens sy voorafbeplanning terwyl Hy in volle beheer is.

In Efesiërs 1:13 word die Heilige Gees genoem as die Een wat ons verseël en is die Engel wat Johannes in Openbaring 7 sien. Hierdie seël wat op ons aangebring word, is heiligheid. En ons kan nie anders nie as om met dankbaarheid aan God se belofte by ons doop te dink. *“Die Gees wil in ons woon en ons tot lidmate van Christus heilig deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het.*

Johannes sien dalk wel in die gesig 'n fisiese merk op die gelowiges, maar geen fisiese merk op ons voorkom sal Satan keer om ons aan te val nie; die enigste bewys dat ons aan God behoort, is 'n lewe wat van God se werk in ons getuig. Die vrug van die Gees – woorde en daede, liefde en geduld, volharding in geloof – sal Satan se aanslae weerstaan, want ons is in Christus geborge. Bewapen jouself met heiligheid!

Sing: Skrifberyming 18-7:1, 12

Ds. Attie Venter (Pretoria-Annlin)